

29 OKTOBER

SKRIFGEDEELTE: JOHANNES 16:16-33
FOKUSGEDEELTE: JOHANNES 16:23-28

Bid in die Naam van Jesus Christus

Om te kan bid, is genade.

Hoeveel gelowiges regoor die wêreld en regdeur die eeue kan nie getuig van die genade van gebed nie! Enige tyd van enige dag kan enigeen van ons ons hemelse Vader aanroep – en weet: Hy hoor my gebed en Hy verhoor dit. Gebed bring ons op 'n besondere manier in die teenwoordigheid van God. Ons kan met Hom praat en ons hart voor Hom uitstort. Dit gee troos en krag wanneer ons swaar kry. Dit versterk geloof. Dit bring sekerheid en vrede wat alle verstand te bowe gaan.

Sonder die versoeningswerk van ons Here Jesus sou dit nie moontlik wees nie. Met sy kruisdood en opstanding het Hy ons en die Vader weer een gemaak. Die kloof van sonde en vyandskap is oorbrug. Daarom kan ons in 'n nuwe liefdesverhouding met die Vader leef – en met die grootste vrymoedigheid tot Hom bid.

In hierdie teksgedeelte waarsku Jesus sy dissipels dat daar hartseer en swaarkry gaan wees wanneer Hy sy versoeningswerk tot vervulling bring. Maar Hy troos hulle ook deur hulle te verseker dat dit weldra sal verbygaan. Aan die einde daarvan sal 'n nuwe, vreugdevolle verhouding met die Vader aanbreek. Dan sal dit moontlik wees om in sy Naam te bid, omdat Hy en die Gees sonder ophou vir ons intree by die Vader.

Ons Here Jesus het ons waardig gemaak om self voor die troon van die Vader te verskyn. Ons het vrye toegang tot Hom. Ons het die genade om onbevange te kan bid. Dit wat ons Hom vra – en wat inpas by sy wil vir sy koninkryk – gee Hy sonder aarseling, omdat ons bid in die Naam van sy geliefde Seun.

Bid só in die Naam van Jesus Christus en jy sal die genade van gebed en die blydschap van verhoring elke dag in jou lewe ervaar.

Sing: Psalm 42:5

Ds Rassie Smit (Nelspruit)